**12 Januarie** **Skrifgedeelte: Matteus 5:21-26**

**Fokusgedeelte: Matteus 5:26**

**HK, Vraag 12**

## God se geregtigheid, deur ’n Ander

Wanneer jy binne die ruimte van God se genade lewe, hoef jy nie weg te skram van harde werklikhede nie. Binne die ruimte van ons troos in Jesus Christus kan ons God se geregtigheid in die oë kyk.

Wanneer iemand ’n regsaak teen jou begin, maak so gou moontlik ’n plan om buite die hof te skik. Jesus praat in Matteus 5:21-26 oor verhoudings tussen mense. In ’n regsaak moet die regter geregtigheid laat geskied. Dit kan tot gevolg hê dat jy tot die laaste sent sal moet betaal. Dit gaan in hierdie gedeelte om meer as net mense. Met hierdie prediking wys Jesus op dié Regter, naamlik God. God laat altyd geregtigheid geskied. Hy het vanweë ons sonde ’n goeie saak teen ons. Kyk die werklikheid in die oë! Vir sonde is daar geen afslag nie, geen opgeskorte vonnis nie en geen verskoning nie. God eis volle betaling, tot die laaste sent toe. Daarby sal geen mens verbykom nie.

Die woorde “of deur onsself of deur ’n ander ten volle betaal” konfronteer ons met die harde werklikheid van God se geregtigheid.

Die “óf” teenoor “óf” konfronteer ons alreeds met die ontferming van God se geregtigheid. Omdat ons enigste troos Jesus Christus is, word die *’n ander* eintlik met ’n hoofletter geskryf: *die Ander*.

*Sing: Psalm 31:1 (1936-beryming)* *Ds. CA Jansen (Welkom-Noord)*